VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

8 Febr **Le-Roy Lourens,** Elandstraat 14, ☏ 072 566 5850. Wyk E2
12 Febr **Elmarie Coetsee,** Kampstraat 41, ☏ 082 670 3451. Wyk B1
13 Febr **Karen Aartsma,** Reigerstraat 14, ☏ 083 682 6031. Wyk A2
Coenraad Karsten, Adrinawoonstel 215, ☏ 082 419 0435. Wyk D3
Tanya van Lith, Louis Leipoltstraat 10, ☏ 082 610 7259. Wyk E2
Suhanli van Dyk, Louwstraat 70, Miederpark.

VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.
Vanoggend by die deure vir **Emeritaatsversorging in rooi sakkies.**
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**
Die spesiale kollektes in Januarie/Februarie 2021 gaan vir:

Sondag	7 Februarie	**Emeritaatsversorging**
Sondag	14 Februarie	Dankbaarheidsfonds
Sondag	21 Februarie	Uitdra van die Evangelie
Sondag	28 Februarie	Expando

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 4 Sondag 7 Februarie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyke **D2** en **D3**:
Wyk D2 vakant en wyk D3 is Kobus Mentz.
Diakens: Wyke **D2 en D3 is vakant**

EREDIENSTE **Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk**

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

OGGENDDIENSTE (09:00 en 11:00)

Woordbediening: 1 Samuel 1:1 - 28 (1 Samuel, nr. 3).
Fokusverse: 1 Samuel 1: 24.
TEMA: ***Die HERE van die leërskare werk deur die geskenk van lewe oorvloedige dankbaarheid in menseharte.***
Sing: Psalm 118: 1, 4, 7; Skrifberyming 26: 11 (Tema 9-1);
Psalm 40: 3, 5; Psalm 134: 4 (slegs by diens om 09:00); Psalm 116:1, 5, 7, 10.

AAND: Woordbediening: Matteus 28: 1 - 20.
Fokusverse: Matteus 28:19.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 26.
TEMA: ***Die troos van die Christelike doop.***
Sing: Ps. 146:1, 8; Psalm 51: 1 (Glorieryke Psalms)
Skrifberyming 14: 1, 2 (Tema 8 – 1).

BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS
Die volgende broers word vanoggend tydens die 9:00 diens as ampsdraers bevestig: As ouderling: **Gert Kruger** Snr
As diakens: **Banie Nortjé** en **AJ van Niekerk**
Willem de Klerk, wat ook die roeping as ouderling opgevolg het, sal moontlik op 'n latere datum bevestig kan word.

LIEF EN LEED



Ina Roos 065 839 5515 word opgeneem vir ’n operasie in MediClinic. Mag ons hemelse Vader volkome beterskap en herstel gee.

Sonja Venter 072 776 3700 en **Magda Viljoen** 079 408 2835 ontvang albei steeds bestraling. Ons bid hulle die ryke genade van die Here toe. Mag Hy in sy almag volkome genesing gee.

Tinus Venter 072 132 8356 het Donderdag ’n groot rugoperasie ondergaan. Hy is nou in die hoë-sorgeenheid van ’n hospitaal in Pretoria. Ons dra hom op aan ons hemelse Vader.

Ds Leo van Schaik 082 652 5520 is nog onder behandeling vir gordelroos en sterk aan in die Versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons bede is dat hy weer beterskap uit die hand van die Here sal ontvang.

Frans Drijfhout 082 577 1927 het Woens-dagaand laat ’n prosedure ondergaan om nierstene en ’n stent te laat verwyder. Hy is Donderdag ontslaan. Sy vrou **Pietro** 082 894 7848 sterk ook nog by die huis aan en hulle is altwee nog apart in isolasie. Ons dink in ons gebede aan hulle.

Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van **Fanie Steyn** van Huis Eikelaan.
Ons bid Annemarie 083 550 9444 en haar kinders en kleinkinders en ander dierbares die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe.
Die troosdiens het Vrydag plaasgevind.

AFKONDIGINGS

EREDIENSTE Broers en susters, in die lig van die verslapping van inperkings, kan daar Sondagoggende 2 eredienste gehou word met 50 lidmate elk. NB!! TYE 9:00 EN 11:00.

Bespreek asb VOOR VRYDAG 12:00 by die kerkkantoor 018 294 4600 of by Malie 072 373 7361.
Eikelaan se inwoners wat vir die 9:00 diens bespreek en met die bussie wil ry, moet Sondagoggend reeds om 8:30 gereed wees by die Toringblok.

DAGBOEK

Dag	Datum & tyd			Plek
Ma	8/02	Oggend	Preekvoorbereiding	Pastorie
Di	9/02	Oggend	Preekvoorbereiding	Pastorie
		Middag	Huisbesoek	Volgens afspraak
Wo	10/02	Oggend	Preekvoorbereiding	Pastorie
		14:15	Katkisasie (Belydenisklas 2021) – Hersien Kerkgeskiedenis	Ou Kerkie
		15:00	Katkisasie (Belydenisklas 2020) – So. 24	Ou Kerkie
		Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Do	11/02	Oggend	Preekvoorbereiding	Pastorie
		Middag	Huisbesoek	Volgens afspraak
		Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Vr	12/02		Administrasie & Deputatewerk	

BYBELSTUDIE
Die Bybelstudie by Huis Eikelaan vind DV weer eerskomende Dinsdag plaas om 15:00 in die groot saal.

KATKISASIEWERKSAAMHEDE
Geagte ouers, volgens die beplanning op die jaarprogram sou ons katkisasiewerksaamhede Sondag hervat. Agv die feit dat ons vir ’n aantal Sondae nie kon saamkom in die erediens nie, is daar nog ’n paar sake wat uitgepluis moet word. Die katkisasiekommissie sal DV in hierdie week die reëlings finaliseer en ons sal op Sondag 14 Februarie aan u volledige inligting gee rakende die katkisasie-werksaamhede vir 2021. Die katkisasie van twee belydenis-klasgroepe gaan voort soos wat dit in *Op die Kerkwerf* afgekondig word. Vriendelike groete, ds Jannes.

Broers en susters, ons benodig nog hulpkategete vir die katkisasie van 2021.
Indien u kan help kontak my asseblief (vóór 14 Februarie 2012) by 076 279 6225.
Baie dankie Marlise Stoop

KERKLIKE TYDSKRIFTE EN JAARPROGRAM

Die kerklike tydskrifte asook die 2021 gemeentekalender is beskikbaar in die saal. U kan dit na die erediens daar gaan neem. Ons koster, Pieter Bouwsema sal ook Dinsdag van 10:00 tot 11:00 by die saal beskikbaar wees.

Kassiersverslag vir die tydperk 1 Maart 2020 tot 31 Januarie 2021

OPSOMMING INKOMSTE EN UITGAWES	WERKLIK	BEGROOT	VERSKIL
Inkomste	1 764 017.15	1 923 196.00	- 159 178.85
Uitgawes	- 1 176 801.54	- 2 097 469.00	920 667.46
Surplus	**587 215.61**	**- 174 273.00**	**761 488.61**

Banksaldo op 31 Januarie 2021	**200 575.24**
Geldmark Jeug op 1 Februarie 2021	**126 799.57**
Geldmark GK Potchefstroom op 1 Februarie 2021	**384 120.79**
Glacier Belegging aanvangsbedrag op 12 /02/2015	**1 200 000.00**
Onttrekkings	205 000.00
Sluitingsbalans op 31/08/2020	**1 812 703.50**

Opmerkings oor verslag:

1. Kerklike bydraes ten bedrae van R 139 311.24 minder ontvang as begrote bydraes.
2. Werklike uitgawes R 920 667.46 minder as begroot, aangesien ons nie 'n predikant gehad het nie tot 31 Desember 2020.

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger
Huis Eikelaan SB 10,tel 082 699 6591, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas gooi 'n ietsie ekstras in u waentjie en bring dit Dinsdagoggende kerk toe.
Baie dankie vir u ondersteuning.

Hierdie artikel is spesiaal vir Op die Kerkwerf deur prof PP Krüger geskryf en ons plaas dit graag. ***Redaksie***

2020-Vertaling: Enkele opmerkings

Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans (verder aangedui as AFR20) is amptelik in November 2020 in Bloemfontein bekendgestel. Verskeie persone het die afgelope tyd in die media goeie toeligting oor hierdie vertaling gegee, wat nie hier onder herhaal word nie. Ses sake word onder lidmate se aandag gebring.

Amptelike vertaling

AFR20 is die vierde amptelike vertaling in Afrikaans. Die ander drie is die 1933-vertaling, soos in 1953 hersien (AFR33), die 1983-vertaling, soos later hersien (AFR83) en die Bybel vir Almal (2007, in vereenvoudigde Afrikaans, oorspronklik vir dowes bedoel).

Met "amptelik" word bedoel dat verskillende kerke in die vertaalproses saamgewerk het, dat 'n wye verskeidenheid kundiges (onder andere kundiges van Hebreeus, Grieks en Afrikaanse taal- en letterkunde) betrokke was en dat die Bybel uiteindelik deur die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap uitgegee word. Daar is ook verskeie privaatvertalings in omloop wat op inisiatief van boekhuise uitgegee is en waaraan heelwat minder mense gewerk het. Onder die vertalings tel die Lewende Bybel en die Nuwe Lewende Vertaling.

"Amptelik" beteken nie dat die kerk 'n vertaling goedkeur nie. Ons sinodes het AFR33 en AFR83 wel vir gebruik aanbeveel, maar nooit die stempel van finale goedkeuring daarop geplaas nie. Die Algemene Sinode wat waarskynlik aan die begin van 2022 sal vergader, sal waarskynlik dieselfde met AFR20 doen. Ek voorsien wel dat AFR20 'n baie groot rol in ons kerklike lewe sal speel, moontlik ten koste van AFR83 en waarskynlik as vertaling wat náás AFR33 gebruik sal word.

Inisiatief van die GKSA

AFR20 vloei voort uit 'n versoek wat die GKSA aan die Bybelgenootskap gerig het vir 'n brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans waar onder andere die onderskeid tussen die Godsname JHWH en

Adonai in die Ou Testament gehandhaaf word (Nasionale Sinode 2000). Dit beteken egter nie dat AFR20 ’n vertaling van die Doppers is nie. Die Bybelgenootskap het sy eie behoeftebepaling onder Afrikaanssprekendes gedoen en die proses van vertaling geloods.

Alle kerke in Suid-Afrika met Afrikaanssprekende lidmate is uitgenooi om aan die proses deel te neem. Hoewel die vertaling "ekumenies" is, het verskeie van ons predikante, professore en ander lidmate met die nodige kundigheid (bv. in die Hebreeuse en Griekse taal, asook Afrikaans) deelgeneem aan die vertaalproses. Teologiese professore Herrie van Rooy en Jorrie Jordaan het op die onderskeie redaksiekommissies van die Ou en Nuwe Testament gedien en waardevolle bydraes gelewer.
Daar is op sosiale media verskeie rondskrywes wat die proses van vertaling verdag probeer maak. Hierdie rondskrywes berus nie op goeie gronde en feite nie. Hoewel enige Bybelvertaling gebreke het, is AFR20 ’n goeie en verantwoordbare vertaling.

Vervang BDV

Die afgelope paar jaar was ’n vertaling van die Nuwe Testament en Psalms beskikbaar, bekend as "Die Bybel: ’n Direkte vertaling" (BDV). Hierdie vertaling was ’n proefvertaling in aanloop tot AFR20 en is aansienlik hersien. In sommige hoofstukke is daar in feitlik elke vers veranderings aangebring. Ek merk met dankbaarheid op dat verskeie sake in BDV waaroor ek bedenkinge gehad het, beter in AFR20 geformuleer is. Omdat AFR20 die proefvertaling (BDV) vervang, baat dit nie om laasgenoemde nog enigsins te gebruik nie.

Inleidings en voetnote

’n Kenmerk van AFR20 is die ruim gebruik van voetnote wat lesers inlig oor die bronteks, alternatiewe vertalings en wat ook hier en daar verduidelikings gee. Soos AFR83 is daar ook by elke Bybelboek ’n inleiding. Dit is belangrik om te onthou dat die inleidings en voetnote, net soos opskrifte by die onderskeie Skrifgedeeltes (perikope) nie deel van die Bybel is nie, maar dat dit hulpmiddels is wat die Bybelvertalers bý die vertaling plaas.
Die voetnote is waardevol, veral vir die moderne, ingeligte leser. Aan die ander kant kan voetnote soms subjektiewe kommentaar gee, wat lesers tot ’n bepaalde interpretasie van die Bybelteks lei. Die GKSA se Deputate Bybel moet nog by die sinode oor die inleidings van die Bybelboeke rapporteer. Neem intussen kennis dat, hoewel die Bybelgenootskap ons verseker het dat daar versigtig omgegaan is met die skryf van die inleidings, sienings in sommige van die inleidings oor die ontstaan en aard van die onderskeie Bybelboeke nie noodwendig vir Gereformeerde lidmate aanvaarbaar is nie.

Hoofletteruitgawe

Sommige kerke het gevra vir ’n uitgawe waar die gedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament aangedui word as messiaans (verwysend na Jesus Christus) met ’n hoofletter aangedui word (bv. Hy in plaas van hy). Die Bybelgenootskap het die versoek toegestaan. AFR20 is reeds beskikbaar in sowel die gewone as 'n hoofletteruitgawe. Die prys van die twee uitgawes is dieselfde. As jy laasgenoemde verkies, maak seker wanneer jy die vertaling aankoop dat dit as die hoofletteruitgawe aangedui word.

Elektroniese uitgawes

Lidmate wat graag AFR20 op hulle rekenaar, tablet, selfoon of elektroniese boekleser wil gebruik, kan die epub- of Kindle-weergawe koop wat ongeveer USD6 ($6), met ander woorde ongeveer ZAR100 (R100) kos. Hierdie uitgawes is onder andere beskikbaar by Amazon.com of Kobo.com. ’n Kindle-boekleser is nie nodig om die Kindle-weergawe te lees nie, aangesien die Kindle-toepassing gratis op jou rekenaar, tablet of slimfoon aflaaibaar is. Die Kindle-uitgawe het fasiliteite vir die merk van teks. Sowel die gewone as die hoofletteruitgawe is op Kindle beskikbaar. Waarskynlik word AFR20 later op ander elektroniese platforms, asook Bybelprogramme soos Logos en Accordance beskikbaar gestel.

Paul Krüger

Indien daar enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is in u wyk, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na *ds Jannes van Dyk* **072 224 7181 of aan**
Malie Wyma **072 373 7361 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
26 Februarie 2021